

**Vrydag 11 November**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 18:1-18**

**Fokusgedeelte: 2 Samuel 18:14**

**Hou ons rekening met die gevolge van die sonde?**

Kyk maar na Dawid en Batseba. Al is hulle sondes vergewe, ontkom hulle nie die gevolge daarvan nie. Drie van hulle kinders is reeds dood, en nou het die rebelse opstand van Absalom uitgekring tot 'n volskaalse burgeroorlog met drie bevelvoerders en drie afdelings soldate en 20 000 wat alreeds gesneuwel het.

Ten spyte van die vaderlike versoek van Dawid om “saggies” met die jong Absalom te wees (hierdie versoek word op die moordtoneel herhaal), druk Joab drie spiese deur Absalom wat weerloos tussen hemel en aarde aan sy nek hang. Dan blaas hy die ramshoring om te sê die leier van die opstand is dood en alles is verby. Joab handel sommer die vernederende begrafnis af deur Absalom in 'n kuil in die bos te gooi en hom met klippe toe te stapel.

Dawid het deur sy sonde van ontrou en moord ook nagelaat om sy kinders deur voorbeeld te lei. Hy het die ouerlike verbondsonderrig nagelaat.

Kom ons evalueer opnuut ons eie leefwyse. Kom ons vra biddend dat die Heilige Gees ons ons sonde en nalatigheid betyds sal laat sien. Kom ons raak al meer en meer betrokke by ons kinders, sodat ons hulle nie net deur woorde nie, maar veral deur dade sal inlei in die wonderlike genade van die Here wat so duidelik met die soendood van Christus aan ons bewys is.

*Sing: Psalm 32:3 (1936)*

*Ds. S (Simon) Hibbert (Koster)*